

Woensdag 4 November

Skrifgedeelte: Daniël 3:1-18

Fokusgedeelte: Daniël 3:17, 18

As ek swak is, dan is ek sterk

As ek swak is, is ek sterk – as ek sterk is, is ek swak. Nebukadnesar, die magtige koning, staan hier teenoor drie swakke jongmanne en hulle geloof.

Die wyse waarop Nebukadnesar sy godsdiens beoefen, maak hom swak. Sy godsdiens is een geweldige vertoon. Al die vernaamstes van sy koninkryk moet daar by sy goue beeld teenwoordig wees. Nie omdat hulle daar wil wees nie – hulle is gedwing en gedreig om daar in die Dura-dal te wees. Niemand is daar uit 'n behoefte van die hart om hierdie god te kom vereer nie. Daar gebeur niks uit liefde vir God (of 'n god) nie. Dit is 'n godsdiens wat jou met niks laat nie. Nebukadnesar se godsdiens is 'n kragteloze godsdiens.

Daarteenoor staan drie swakke mense uiters sterk deur hulle geloof – Sadrag, Mesag en Abednego. Hulle onverskrokke standvastigheid in hulle God maak hulle sterker as enige mens of afgod of koning. Vreesloos klou hierdie manne vas aan hulle God. Niks sal hulle van stryk bring nie. In standvastigheid is hulle krag geleë. Nie omdat hulle vasstaan op hulle regte daar in Babel nie – hulle staan vas en klou vas aan iemand sterker as hulleself.

Geloof is altyd om vas te hou aan iemand sterker as jyself. “Ons het ons God vir Wie ons dien.” Hy sal ons red. Hulle is swak, maar hulle God is sterk. Dit is juis die evangelie: dat ons saligheid, ons krag nooit in onself te vinde is nie.

Jou krag kom van buite jouself – wanneer jy DIE HERE VERTROU. Vertroue beteken ook oorgawe aan die Here. Selfs as dit die Here se wil is dat hulle moet sterf in die vuuroond, sal hulle Hom bly dien. Dit is oorgawe!

Dit is wat Christus ook gedoen het. Na sy gebed in Getsemane, toe Hy die lydensbeker moes drink, het Hy sy Vader vertrou en gesê: In u hande gee ek my gees oor. Swak aan die kruis – maar ewiglik sterk.

Sing: Psalm 31-1: 4, 5

Ds. HJ Briel (Hennie) (Petrusburg/Boshof)